In die lig van die beperkings en geleenthede wat Covid-19 bied, het die werkgroep volgende **werkswyse** gevolg:

1. 'n Aanlyn platform is geskep waar individue en gemeentes kan registreer: https://www.inpas.eo.za/
2. 'n VBO toerustingsgeleentheid oor die gebruik van die handleiding is aangebied en gemeentes is uitgenooi om op die platform te registreer.
3. Sinodes is versoek om taakspanne aan te wys wat in die sinodes kan help met die uitrol van IN PAS. Dankie vir al die sinodes wat name deurgestuur het!
4. Daar is tans 61 persone wat aanlyn geregistreer het en ons is gereeld in kontak met hulle.
5. Aanlyn gesprekke met die sinodale verteenwoordigers en ook oop gesprekke met alle betrokkenes is al gehou. Dit blyk 'n goeie werkswyse te wees. By die eerste oop aanlyn gesprek was daar 52 persone betrokke.
6. Die materiaal in die boek word hersien, uitgebrei en aangepas sodat gemeentes dit makliker kan gebruik. Dit lei tot 'n groeiende skat van kennis wat maklik toeganklik is. Die VBO toerusting en ander video's is ook op die webwerf beskikbaar.